DIE WALIESE PONIE EN COBVERENIGING VAN SUID AFRIKA

Skoureëls

01.01.2005

DIE WALIESE PONIE EN COBVERENIGING VAN SUID AFRIKA

Skoureëls

Inhoud

Nota. Die skoureëls van die Walliese Ponie en Cobvereniging van Suid Afrika (WPCSA) is in Engels opgestel en goedgekeur. Die Afrikaanse vertaling is nie ‘n letterlike vertaling nie, maar ‘n poging om van hulp te wees en kan nie dien as plaasvervanger vir die oorspronklike Engelse dokument nie. Die lys van stange (Reël 46) is in Engels omdat die Afrikaanse benaming grotendeels ontbreek.

Na die reëls (1 - 46) volg ‘n aantal wenke vir die verskillende afdelings van die skoukompetiese. Dit is aanvullend by die reëls en gee ‘n beskrywing van die verskillende klasse en die beoordeling daarvan. Die numerering van die wenke is aangepas om by dié van die reëls aan te sluit.

Hierdie reëls is vanaf 2003 in werking.

Rasstandaarde: beskrywing van die Walliese ponies

Besware	Reël	1
Algemene voorwaardes vir skoudeelname	Reëls	2 - 17
Reëls met betrekking tot handklasse	Reëls	18 - 20
Reëls met betrekking tot ryklasse	Reëls	21 -33
Reëls met betrekking tot tuigklasse	Reëls	34 - 45
Goedgekeurde stange	Reël	46
Wenke ten opsigte van tuigklasse	Wenk	1 - 8
Wenke ten opsigte van ryklasse	Wenk	9 - 15

Beskrywing van die Walliese Bergponie en die Walliese ponie
(Soos aanvaar op ‘n spesiale vergadering te Shrewsbury, 8 Oktober 1935 en aangepas tydens die Jaarvergadering op 8 Desember 1951).

DIE WALLIESE BERGPONIE, seksie A, onder 12 hh (1,22m)

Algemeen	Gehard, lewendig en tipies ponie
Kleur	Enige kleur, behalwe bont
Kop	Klein, droog, goed geheg met koniese afspitsing na die neus toe
Oë	Opsigtelik
Ore	Goed geplaas, klein en gespits; bo-op die kop, relatief na aan mekaar
Neusgate	Prominent en oop
Kakebeen en *keel*	Droog en fyn besnede, met genoeg ruimte by die hoek van die kaak
Nek	Relatief lank, goed geplaas en effens dun by merries, maar geneig swaar te wees by volwasse hingste
Skouer	Lank en skuins. Skof redelik fyn, maar nie mes-agtig nie. Die (humerus) bo-armbeen regop sodat die voorbeen nie onder die lyf instaan nie
Voorbene	Hoekig en suiwer, bene reguit. Lang sterk voorarms, goed ontwikkelde knie, kort plat been onder die knie, koot van proporsionele hoek en lengte, kloue goed gevorm en rond, hoewe dik
Rug en lende	Gespierd en sterk en goed aan mekaar geheg
Borsomvang	Diep
Ribbes	Goed gerond
Agterkwart	Lank en fyn. Nie saamgeflans, uitgerafel of hangkruis nie. Stert goed geplaas en spoggerig gedra
Hak (Spronggewrig)	Groot, plat en droog met punt prominent sonder om na binne of na buite te draai. Die hak nie agter die lyn tussen die hoek van die boud en die kootgewrig nie. Koot van proporsionele vorm en lengte. Klou goed gevorm, hoef dik.
Beweging	Vinnig, vry en reguit van die skouer af, goed vooruit. Hakke (spronggewrigte) goed gebuig met reguit en kragtige hefboomkrag ver onder die lyf in.

DIE WALLIESE PONIE, seksie B, onder 13,2 hh (1,37 cm)

Die algemene beskrywing van die Walliese Bergponie is van toepassing op die Walliese Ponie met die byvoeging dat dit ‘n ryponie met kwaliteit is, ry-aksie, voldoende been en substansie, gehardheid, bouvorm en ponie geaardheid.

DIE WALLIESE PONIE, COB TIPE (seksie C, onder 13.2 hh, 1,37 cm) en **WALLIESE COB** (seksie D)

Algemeen	Sterk, gehard en aktief met soveel substansie moontlik en ‘n poniegeaardheid
Kleur	Enige kleur behalwe bont
Kop	Karaktervol en tipies ponie. ‘n Growwe kop en Romeinse neus is onvanpas
Oë	Groot, prominent en wyd gespasieer
Ore	Netjies en goed geplaas
Nek	Langerig, goed geplaas en effens dun by merries, maar geneig swaar te wees by volwasse hingste
Skouer	Sterk, maar goed skuins
Voorbene	Hoekig geplaas en reguit. Lang, sterk voorarm. Knie goed ontwikkel met ‘n oorvloed (dik) been onder dit, koot van proporsionele hoek en lengte, klou goed gevorm en hoef dik. Onversorgd is ‘n mate van sagte lang hare aan die kootgewrig aanvaarbaar, maar growwe draderige hare is onvanpas.
Rug en lende	Gespierd sterk en goed geheg. Diepte in die borsomvang en goed gerib.
Agterkwart	Langerig en sterk. ‘n Swak- of hangkruis is onaanvaarbaar. Stert goed geplaas.
Agterbeen	Skenkel sterk en gespierd. Hak groot, plat en droog met prominente punt wat nie in of uit draai nie. Agterbeen nie teveel gebuig nie. Die hak nie agter ‘n lyn vanaf die punt van die boud na die kootgewrig nie. Koot van proporsionele vorm en lengte, hoef dik.
Beweging	Vry, suiwer en kragtig. Die knie gebuig en die hele voorbeen vanuit die skouer reguit vorentoe gestrek – veral op ‘n draf so ver moontlik vorentoe. Hakke onder die lyf in gebuig met reguit kragtige hefboom.

1. Besware

Hierdie reëls is van toepassing op alle Walliese klasse onder beskerming van die Walliese Ponie en Cobvereniging van Suid Afrika. Waar dit bots met die reëls van die liggaam wat die skou aanbied, kry lg voorkeur.

1.1 Aansprake van onkundigheid en/of misinterpretasie van hierdie reëls is nie aanvaarbaar as rede vir die verbreking daarvan nie. ‘n Deelnemer wat ‘n reël verbreek - doelbewus aldan nie - mag deelname aan die betrokke klas verbeur.

1.2 Indien hierdie reëls nie ‘n bepaalde dringende probleem dek nie, besluit ‘n komitee bestaande uit die streeksverteenwoordiger of sy sekundus, ‘n lid van die skou-organisasie en ‘n verteenwoordiger van die WPCSA (bv raadslid of streekraadslid) oor optrede. Hierdie besluit is finaal.

2. Algemene voorwaardes vir deelname

2.1 Inskrywings is beperk tot lede van die Walliese Ponie en Cobvereniging van SA wie se verpligtinge teenoor die WPCSA op datum is.

2.2 Slegs ponies by die WPCSA geregistreer (suiwergeteeld), aangeteken (deelsgeteeld) of geboortekennis gegee (ponies onder drie jaar) mag aan skoue onder beskerming van die WPCSA deelneem. Die betrokke nommer (registrasie, aantekening of geboortekennisgewing) word op die inskrywingsvorm aangebring.

2.3 Ponies word ingeskryf onder die naam van die geregistreerde eienaar ten tye van die sluitingsdatum vir die skou. Verhuurde ponies is eiendom van die verhuurder. Vals inligting op die inskrywingsvorm is beboetbaar met ‘n bedrag deur die Raad van die WPCSA bepaal.

2.4 Eienaarskap en teling van ponies ingeskryf vir ‘n skou onder beskerming van die WPCSA word deur die sekretaris (of sekundus) gekontroleer.

2.5 Die ouderdom van ponies (en vertoners) word bereken vanaf geboortedatum tot die aanvang van die skou.

2.6 Laat inskrywings, telefoniese inskrywings en onbetaalde inskrywings is nie aanvaarbaar nie.

3. Itemlys en katalogus

3.1 Die itemlys vir die nasionale kampioenskapskou word deur die Raad van die WPCSA goedgekeur voordat dit aan die die skougenootskap versend word. In die itemlys van ‘n streekskampioenskap moet ten minste 20% van die klasse van die mees onlangse nasionale kampioenskapskou wees.

3.2 Organiseerders van die Walliese afdeling, gehou onder beskerming van die WPCSA, moet binne dertig dae na afloop van die skou ‘n katalogus van die skou waarop die uitslae van die Walliese klasse ingevul is aan die streeksadministrateur en aan die kantoor van die WPCSA stuur.

4. Beoordelaars

4.1 Die WPCSA (of sy verteenwoordigers) verkry die diens van bevoegde beoordelaars. By streek of nasionale kampioenskappe moet die senior beoordelaars op die ooreenstemmende panel van die WPCSA wees. Oorsese beoordelaars moet op die nasionale paneel van beoordelaars van hulle eie land wees. Waar moontlik verskyn die name van die beoordelaars op die itemlys van die betrokke skou.

4.2 ‘n Beoordelaar skryf nie ‘n ponie in vir die skou waar hy beoordeel nie.

5. Kombinasie en verdeling van klasse

5.1 Die skougenootskap het in samewerking met die organiseerder van die Walliese afdeling die reg om Walliese klasse te kombineer, verdeel of kanselleer.

5.2 Tydens streek of nasionale kampioenskappe kan enige klas waarin drie of minder inskrywings is met ‘n ander klas gekombineer word of gekanselleer word. Die inskrywer moet betyds in kennis gestel word sodat hy indien so verkies, kan onttrek en die inskrywingsgeld vir hierdie klas terugkry.

5.3 Waar tien of meer inskrywings in ‘n klas is en ten minste vyf uit een seksie kan die klas volgens seksies verdeel word. Klasse waarin die hoogte van die ponie reeds ‘n bepalende faktor vir inskrywing is, is nie onderhawig hieraan nie.

5.4 Suiwer geteelde en deelsgedeelte ponies behoort slegs gekombineer word waar die verdeling op grond van hoogte is en die klas slegs op vertoning beoordeel word soos skouspring.

5.5 Tydens streek en nasionale kampioenskapskoue word die verskillende seksies (behalwe C en D) nie in teelklasse gekombineer nie.

6. Kampioene

6.1 Ponies wat kampioenskappe verwerf het by streek of nasionale kampioenskapskoue word deur die WPCSA as streek of nasionale kampioene vir daardie jaar erken.

6.2 Om as streek of nasionale kampioenskapskou te kwalifiseer, moet ten minste vyf en twintig ponies ingeskryf deur ten minste vyf vertoners meeding.

7. Victor Ludorum

7.1 'n Toekenning as Victor Ludorum kan deur die WPCSA gemaak word aan die ponie in elke seksie (deelsgeteeld ingesluit) wat die meeste punte in die Walliese klasse verwerf. Punte word op die volgende skaal bereken:

Opperste kampioen	10	Tweede	4
Kampioen	7	Derde	3
Reserwe kampioen	6	Vierde	2
Eerste	5	Vyfde	1

7.2 Elke ponie in 'n groepsklas aan die hand kry die volle punt vir die groep se plasing.

7.3 Elke ponie in 'n span in die tuigklasse kry die punt van die plasing van die span.

7.4 Vertoners van groepe en spanne kry egter punte per inskrywing en nie per ponie nie. Die punte gaan aan die inskrywer.

8. Besware

8.1 Mense wat beswaar aanteken teen enige klas, doen dit skriftelik binne sestig minute na afloop van die betrokke klas, gepaar met 'n depositobedrag soos deur die Raad bepaal. Die bedrag is tans R50.00.

8.2 Besware teen enige ander gebeure ten opsigte van die skou, word binne sestig minute na die betrokke gebeure skriftelik en gepaard met 'n deposito by die skou-organiseerder of sekretaris van die WPCSA ingehandig. Die deposito is tans R50.00.

8.3 'n Komitee bestaande uit die streekadministrateur, 'n lid van die skougenootskap en 'n verteenwoordiger van die WPCSA beslis oor die geldigheid van die beswaar en besluit oor optrede daaroor. Indien die beswaar gehandhaaf word, word die deposito terug betaal.

9. Mishandeling van ponies

Enige lid wat by 'n skou 'n ponie mishandel, word voor die Raad gedaag en sal die nodige aandag ontvang. Enige klagte in hierdie verband moet so spoedig moontlik skriftelik aan die Raad van die WPCSA of skougenootskap voorgelê word.

10. Die verskyning in die arena

10.1 Suiwer geteelde ponies word natuurlik en met ongevlegde maanhaar vertoon, behalwe vir een opsionele lang vlegsel reg agter die ore. Geen linte of versiersels word in die vlegsel toegelaat nie. Sterte word nie onder gelyk geknip nie. Ponies

word nie geskeer nie, maar die lang hare onder die kakebeen en in die ore kan getrim word. Oortreding van hierdie reël het ‘n diskwalifikasie uit die klas tot gevolg.

10.2 Deelsgeteelde ponies kan na voorkeur natuurlik of gevleg en getrim vertoon word.

11. Konformasie

11.1 Waar konformasie in die klas tel, geskied die beoordeling aan die hand van die rasstandaard.

11.2 In deelsgeteelde klasse geld die meriete en nie die Walliese eienskappe nie.

11.3 Teen blou oë word nie gediskrimineer nie.

11.4 Waar die beweging van die ponie beoordeel word, is die maatstaf soos beskryf in die rasstandaard.

11.5 Stap is platvoet.

11.6 Die lengte van die hoewe, beslaan aldan nie, oorskrei nie 85mm by ponies onder 1,37m en 95mm by Cobs oor 1,37m nie. Teen onnatuurlike hoewe word gediskrimineer.

12. Beslaan

12.1 Die maksimum gewig vir ‘n yster aan ‘n ponie onder 1,37m is 250gr en vir ponies oor 1,37m is dit 500gr.

12.2 Ysters met truuks, dwarsbalke, hake, gewigte, stopsels, ens. is ontoelaatbaar.

12.3 Ponies onder twee jaar word verkieslik sonder ysters vertoon, ligte ysters is egter toelaatbaar.

13. Arena-etiket

13.1 Deelnemers het die verantwoordelikheid om ponies betyds in die arena te hê.

13.2 Met die toestemming van die beoordelaar mag die arenagids ‘n ponie na aanvang van die klas toelaat. Waar optrede beoordeel word, moet al die deelnemers aan elke afdeling van die vertoning deelneem.

13.3 Elke opdrag van die beoordelaar en gids moet uitgevoer word. Die klas word nie verlaat sonder hulle toestemming nie.

13.4 Alleen skoubeamptes, vertoners (en by tuigklasse die assistent) word tydens beoordeling van ‘n klas in die arena toegelaat. Enigeen wat hierdie reël verontagsaam, sal verwyder word en kan beboet word met ‘n bedrag waaroor die Raad van die WPCSA besluit. Normaalweg tree genoemde beamptes op wanneer ‘n insident plaasvind. Die meriete van die saak sal oorweeg word indien iemand ongevraag ingryp om ‘n besering aan ‘n deelnemer of ponie te voorkom.

13.5 Hulp aan ‘n vertoner soos die klap van ‘n sweep of skud van ‘n ratel terwyl sy inskrywing beoordeel word – en waardeur ander vertoners benadeel kan word, is ontoelaatbaar.

13.6 ‘n Peits of rottang kan gebruik word in ry- en handklasse tot by ‘n lengte van 110cm – tensy anders voorgeskryf in die skouskedule.

13.7 Die gebruik van kunsmatige middels om ‘n vertoning te bevorder, is ontoelaatbaar. Indien daar ‘n vermoede is dat soiets gebruik is, kan die skoukomitee of Raad van die WPCSA ‘n ondersoek daarna las. Indien die ondersoek die vermoede bevestig, verbeur die vertoner verdere deelname aan die skou en enige pryse wat hy reeds gewen het. Die Raad sal verdere optrede oorweeg.

13.8 Bloedonttrekking is ‘n diskriminasie en in ernstige gevalle ‘n diskwalifikasie.
13.9 Ponies wat nie ten volle onder beheer is nie of so optree dat dit ‘n risiko vir ander deelnemers inhou, sal gevra word om die arena te verlaat.
13.10 Beoordelaars diskrimineer teen ponies wat “strek”.
13.11 Optrede kan verwag word teen enige lid wat met sy optrede skade doen aan of die WPCSA in gedrang bring.
13.12 Dit word van vertoners verwag om deel te neem aan parades wat tydens die skou plaasvind – tensy ‘n mediese of veeartseny sertifikaat getoon kan word. Andersins kan pryse en toekomstige inskrywings geweier word.

14. Plaasvervanging

14.1 Ponie of ruiter/koetsier kan vervang word, maar nie ponie en ruiter/koetsier nie.
14.2 Plaasvervanging op ‘n geskikte papier, onderteken deur die eienaar of vertoner, kan by die organiseerder gemaak word tot dertig minute voor die aanvang van die betrokke klas.
14.3 Plaasvervanging kan nie geskied wanneer ponies in vorige klasse moes kwalifiseer vir die klas nie.
14.4 Die ponie waardeur die oorspronklike inskrywing vervang word, moet aan al die vereistes voldoen wat vir die oorspronklike inskrywing gestel is.
14.5 Die ruiter/koetsier deur wie die oorspronklike vervang word, moet aan al die vereistes voldoen wat vir die oorspronklike gestel is.
14.6 ‘n Lid wat weens die plaasvervanging van ‘n ponie of ruiter/koetsier die reëls in verband met lede, registrasie, gradering, hoogte, kwalifikasie of ouderdom oortree, is blootgestel aan disiplinêre optrede deur die Raad in terme van art 6.2d van die grondwet.

15. Deelname na onttrekking

Ponies of ruiters wat weens gesondheidsredes aan ‘n klas onttrek is, mag weer by dieselfde skou kompeteer indien hulle fiks genoeg is.

16. Hoogtebepaling van ponies

16.1 Dit is die verantwoordelikheid van die vertoner om toe te sien dat sy ponies in die regte klasse ingeskryf is en nie oor die hoogte van die rasstandaarde is nie.
16.2 Oorhoogte seksie B ponies mag deelneem in klasse waar die seksie nie gespesifiseer word nie en die beoordeling op grond van werkvertoning gedoen word.
16.3 Skoubeamptes en beoordelaars het die reg om enige ponie te meet indien ‘n vermoede bestaan dat dit nie in die korrekte klas ingeskryf is nie.
16.4 ‘n Senior beoordelaar, ‘n lid van die skoukomitee en ‘n onpartydige, ervare persoon (bv ‘n beoordelaar by ‘n ander ras) meet die ponie. Hulle besluit is finaal. Indien nodig – en as dit moontlik is – word die ponie oorgeplaas na die korrekte klas.
16.5 Hoogtesertifikate kan aangevra word by enige skou onder beskerming van die WPCSA.

17. Prosedure by kampioenskapsklasse

17.1 Tensy anders voorgeskryf in die itemlys is die prosedure by kampioenskapsklasse soos volg: die eerste en tweede plasings van die kwalifiserende klasse kom, sonder enige rosette, gelyktydig die arena in. Die kampioeskap word as ‘n nuwe klas beoordeel

17.2 Indien ‘n ruiter of koetsier met twee ponies vir dieselfde kampioenskap gekwalifiseer het of ten tye van die klas by ‘n ander klas betrokke is, mag hy ‘n ander gepaste deelnemer namens hom laat deelneem.

REËLS VAN TOEPASSING OP HANDKLASSE

18. Voorwaardes vir inskrywings in handklasse

18.1 ‘n Hings oor vier kan in ‘n hingsklas ingeskryf word indien daar vir hom ‘n veeartssertifikaat ingedien is dat hy vry is van geslagsabnormalitieite en genetiese afwykings en dat sy DNS bepaal is soos deur die WPCSA vereis word. Die vereiste sertifikate moet die sekretaris van die WPCSA bereik voor die sluitingsdatum van die skou. (Hierdie sertifikate word eenmalig ingedien wanneer die hings as stoethings geregistreer word).

18.2 Tydens streek of nasionale kampioenskapskoue kan ‘n hings oor agt jaar in ‘n hingsklas meeding indien daar bewys is dat daar van sy vullens gebore is of ‘n merrie deur hom in vul is. Die bewys lê in die geboortekennis van die vul of ‘n sertifikaat dat ‘n merrie van hom gaan vul. Die nodige sertifikaat moet in besit van die sekretaris van die WPCSA wees by die eerste dag van die betrokke skou.

18.3 Tydens streek of nasionale kampioenskapskoue kan ‘n merrie oor agt jaar slegs in ‘n teelklas meeding indien ten minste van een van haar vullens geboortekennis gegee is of ‘n sertifikaat dat sy in vul is voor of op die eerste dag van die betrokke skou in hande van die sekretaris van die WPCSA is.

18.4 Tydens streek en nasionale kampioenskapskoue ding reuns nie mee met merries en hingste in teelklasse nie.

18.5 Tydens streek en nasionale kampioenskapskoue kan reuns slegs in raskampioenskappe vir reuns meeding.

19. Toerusting bruikbaar in handklasse

19.1 Behalwe hingste van twee jaar en ouer, kan alle ponies vertoon word in halters; kopstukke met of sonder ‘n skuifketting; of ‘n toom.

19.2 Hingste twee jaar en ouer word vertoon met tooms of ‘n kopstuk en skuifketting.

19.3 Hingste mag met ‘n hingstuig vertoon word. Die beoordelaar mag vereis dat dit gedurende die beoordeling verwyder word.

19.4 Ponies vertoon met tooms mag enige van die stange in die goedgekeurde lys (vgl Reël 46) hê.

20. Voorkoms van vertoners

Vertoners moet netjies en versorgd geklee wees.

REËLS VAN TOEPASSING OP RYKLASSE

21. Ouderdom van die ruiter

In ryklasse is iemand onder agtien ‘n junior en iemand van agtien en ouer ‘n volwassene.

22. Ouderdom van ponies

22.1 Ponies onder drie jaar ding nie in ryklasse mee nie.

22.2 Vullens vergesel nie merries in ryklasse nie.

23. Voorkoms van ruiters

Korrekte rydrag word vir elke klas vereis, behalwe waar hierdie reëls of die itemlys anders voorskryf. Die korrekte kleredrag is ‘n ryhelmet of ryhoed, baadjie, hemp en das (of Amerikaanse styl hemp en “stock”), rybroek en rystewels (of “breeches” en lang stewels vir volwassenes). Handskoene en rypeits of rottang is opsioneel. Polisie of militêre uniform is toelaatbaar.

In werksklasse kan’n ligte effekleurige kortmou hemp met ‘n kraag gedra word sonder baadjie, maar in die opvolgende kampioenskap word korrekte rydrag gedra. ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE ding ‘n vertoner mee sonder ‘n harde hoed (helmet) in enige klas.

24. Toerusting in ryklasse

24.1 Springteuels, kapstewels en verbande is nie toelaatbaar nie, behalwe in skouspringklasse en die hindernis gedeelte van die werkende jagponieklas.

24.2 Stoetname, advertensiespreuke, ens op saalkleedjies is ontoelaatbaar.

24.3 Plastiese sakke mag nie as saalkleedjies gebruik word nie.

24.4 Stange uit die goedgekeurde lys mag gebruik word. Let egter daarop dat sommige van die stange slegs vir hand- en dryfklasse goedgekeur is (vgl Reël 46). Trenstooms, pelhamtooms en dubbeltooms mag in elke klas gebruik word tensy hierdie reëls of die itemlys anders bepaal.

24.5 Teen die gebruik van te smal of te skerp stange en stange met wangstukke langer as 10cm sal gediskrimineer word.

24.6 Indien die stang die bek kneus of laat bloei, sal die ruiter aangesê word om die klas te verlaat.

24.7 Slegs ongewielde stomp spore mag gebruik word. Spore se punte moet ondertoe wys. In sommige klasse is spore nie toelatbaar nie. Let op die reëls by die verskillende klasse.

25. Hingste onder die saal

25.1 Kinders mag hingste onder die saal vertoon, tensy die itemlys dit spesifiek verbied. Dit is die verantwoordelikheid van die eienaar om seker te maak dat die ruiter volle beheer het oor die hings.

25.2 Indien hingste in ‘n klas toegelaat word, mag die beoordelaar nie teen ‘n inskrywing diskrimineer omdat dit ‘n hings is nie.

26. Oorkruisinskrywings

26.1 Dieselfde ponie kan nie as beginner en in die oop klas in dieselfde tipe klas ingeskryf word nie.

26.2 Dieselfde ponie kan nie in twee werksponie tipe klasse ingeskryf word waar die verskil tussen die klasse slegs die ouderdom van die ruiter is nie.

27. Junior ponies

27.1 In ryklasse is ‘n junior ponie onder vyf jaar.

27.2 Junior ponies word gery met ‘n trenstoom met ‘n “drop, cavesson or flash” neusband. (Die drie neusbande ter sprake het skynbaar nie Afrikaanse terme nie. “Drop noseband” is die een wat aan die neus se kant van die stang kom en gewoonlik die bek toe hou. Die “cavesson” is die gewone neusband aan die oë se kant van die stang en gewoonlik met sy eie wangbande. Die “flash noseband” is die kombinasie van die ander twee).

27.3 Spore word nie gebruik by junior ponies nie.

28. Beginnerponies

28.1 Tensy anders beskryf in die itemlys is ‘n beginnerponie een wat nog nie elf punte of ‘n kampioenskap in die betrokke Walliese klas verwerf het nie. (Reël 28 handel net oor beginnerponie klasse. ‘n Ponie in ‘n oop klas is nie ‘n beginnerponie nie al was dit nog nooit op ‘n skou nie).

28.2 Beginnerponies word gery met ‘n trens met ‘n “drop, cavesson or flash” neusband of alternatiewelik met ‘n pelham met ‘n “cavesson” neusband met twee teuels of ‘n enkelteuel aan ‘n verbinding tussen die twee ringe van die pelham. (Vir die beskrywing van die neusbande vgl 27.2)

28.3 Spore word nie by beginnerponies gebruik nie.

29. Leiriemklasse

29.1 Hingste word nie in leiriemklasse gery nie.

29.2 Die ponie word met ‘n knakstang (trens) gery en die leiriem word gekoppel aan die ring aan die onderkant van die neusband en nie aan die stang nie.

29.3 Die ruiter mag nie spore aan hê of ‘n peits hê nie.

29.4 Die ruiter moet oor drie en onder nege jaar oud wees en die leier oor twaalf jaar.

29.5 Ruiters in leiriemklasse kan nie aan ander ryklasse deelneem nie tensy dit uitdruklik in die itemlys toegelaat word.

29.6 Leiriemklasse word op stap en draf beoordeel.

29.7 Leiers moet netjies en gepas geklee wees. Rydrag is toelaatbaar en word nie teen gediskrimineer nie.

30. Eerste ponieklasse (Te onderskei van beginnerponie klasse – vgl 28)

30.1 Hingste word nie in eerste ponieklasse gery nie.

30.2 Die ruiter mag nie spore aan hê nie.

30.3 ‘n Trens of pelham mag gebruik word, maar nie ‘n dubbeltoom nie.

30.4 Indien nodig kan die klas verdeel word in Beginners Eerste Ponieklas en ‘n Ervare Eerste Ponieklas. Indien net een klas aangebied word, is die veronderstelling dat dit ‘n Beginners Eerste Ponieklas is, tensy die itemlys dit anders beskryf.

30.5 Die klas word beoordeel op stap en draf. In die Ervare Eerste Ponieklas mag deelnemers in die individuele toets gevra word om te galop. Dit is egter nie verpligtend nie.

30.6 Ruiters in Eerste Ponieklasse mag nie aan ander ryklasse deelneem nie, tensy so beskryf in die itemlys.

31. Driegang klasse

Ponies word beoordeel op stap, draf en galop.

32. Walliese Ponie onder die saal

32.1 Ponies word beoordeel op stap, draf en galop. Die beoordelaar mag vra dat deelnemers vinniger draf en galop en/of tru (agteruit loop).

32.2 Elke ponie behoort ‘n individuele toets te doen. Daar behoort tyd op die program hiervoor ingerig word.

32.3 Ponies word nie afgesaal tydens beoordeling nie..

33. Werks-, veeldoelige en plaasponie tipe klasse

33.1 In werksklasse word deelnemers beoordeel slegs op die vertoning. Konformasie en voorkoms word nie in berekening gebring nie. ‘n Toets word deur die beoordelaar opgestel en die afhandeling van die toets word volgens ‘n punteskema beoordeel. Die puntetoekenning word vir die deelnemers toeganklik so spoedig moontlik na afhandeling van die klas.

33.2 In plaasponieklasse is die voorkoms en kleredrag van die ruiter van belang. Die voorkoms van beide ponie en ruiter moet geskik wees vir plaaswerk. Die harde hoed en toe skoene met hakke bly egter verpligtend soos in enige ander ryklas. Hierdie klas is nie ‘n kostuumklas nie.

REËLS VAN TOEPASSING OP DRYFKLASSE.

Die Raad moedig graag dryfklasse by al die seksies aan. Daarom word so min beperkinge moontlik ingestel, maar die bes moontlike standaard moet gehandhaaf word.

34. Helpers

34.1 As veiligheidsmaatreël mag koetsiers ter eniger tyd ‘n helper op die voertuig hê. In enkel-, dubbeltuig en tandemklasse mag die helper nie praat of op enige manier met die hantering inmeng nie.

34.2 By die vierspan (en sesspan) is dit toelaatbaar dat die helper handgee.

34.3 By die agtspan is daar geen beperking op die hoeveelheid helpers of die mate van hulp deur hulle verleen nie.

35. Voertuig en tuig

35.1 Teen die voertuig en tuig word nie gediskrimineer solank dit in goeie toestand, skoon en geskik vir die klas is nie.

35.2 *Enkeltuigvoertuig:* die voertuig moet relatief lig wees en kan twee of vier rubber wiele of (perde)kar wiele hê.

35.3 *Dubbeltuig:* die verskil met die enkeltuig is in die enkeldisselboom wat gebruik word.

35.4 *Tandem:* dieselfde geld as by die enkeltuig. Die agterperd behoort ‘n broek aan te hê of ‘n geskikte band van disselboom tot disselboom. Die voorperd se stringe kan aan die disselboom of die agterperd se tuig vas wees.

35.5 *Vierspan:* dieselfde voertuig as by die dubbeltuig kan gebruik word met in agneming dat dit swaarder kan wees. Die agterperde se tuie moet broeke hê. Die gebruik van ‘n koggelstok is opsioneel.

35.6 *Agtspan:* ‘n wa met ystervellings, in goeie toestand en voldoende remme word gebruik as voertuig. Die agterperde moet die regte tuie aanhê, dws versterkte rembande, borsplate en stringe. Die agterperde se stringe en swingels moet sterk genoeg wees om die hele span teë te hou in ‘n noodgeval, bv as die disselboom ingee. ‘n Koggelstok en lang stringe mag gebruik word.

36. Stange

Enige stang of trens in die goedgekeurde lys mag gebruik word (Vgl Reël 46). Let egter daarop dat sommige stange net vir handklasse goedgekeur is.

36.1 Stange mag nie te smal of te skerp vir die pnie wees nie.

36.2 Indien die stang die bek kneus of laat bloei, sal die deelnemer gevra word om die klas te verlaat.

37. Kleredrag

37.1 *Mans:* ‘n das, ‘n baaadjie en ‘n hoed, behalwe by die agtspan waar ‘n das en baadjie nie ‘n vereiste is nie. Handskoene, voorskoot of reisdeken is opsioneel.

37.2 *Dames:* gepaste kleredrag soos ‘n romp of langbroek, maar nie rydrag nie. ‘n Hoed is toelaatbaar; handskoene opsioneel, maar verkieslik; voorskoot of reisdeken is opsioneel. Dames siertuigklasse vind in aanddrag plaas.

37.3 *Juniors (onder 18*): mag in rydrag dryf tensy die itemlys anders voorskryf.

37.4 *Uithang dryfklas:* hoed, handskoene, voorskoot of reisdeken is verpligtend vir alle deelnemers.

38. Ouderdom van ponies

38.1 Geen ponie onder twee jaar word in ‘n skouklas ingespan nie.

38.2 In meervoudige tuigklasse (tandem, dubbeluig, ens) mag ponies onder vyf help om die span vol te maak. Ponies oor vyf mag in geen omstandighede in junior tuigklasse trek nie.

39. Eienaarskap van ponies

In klasse waar meer as twee ponies ingespan word, mag een van die ponies van ‘n ander eienaar geleen word en by die agtspan kan tot drie geleen word.

40. Gange

40.1 *Enkeltuig: Stap:* die stap is platvoet. Teen stap wat na ‘n kortgang of drafstap lyk, word gediskrimineer.

Saamgevatte draf: die idee is ‘n gang waarteen die ponie die hele dag kan aanhou. Gewoonlik is dit stadiger as die vertoondraf.

Vertoondraf: die bedoeling is om die “op en vorentoe” beweging van die Walliese ras te vertoon. Hoewel dit gewoonlik vinniger is as die saamgevatte draf, gaan dit nie oor die spoed nie, maar die beweging. Dit is nie ‘n resies nie.

40.2 *Dames siertuig:* die gang is ‘n stadige en statige skoudraf. Deelnemers slaan oor tot ‘n stap voordat van rigting verander word.

40.3 *Tandem, dubbeltuig en vierspan:* die gang is ‘n saamgevatte draf (werksdraf).

40.4 *Ses- en agtspan:* die gang is ‘n saamgevatte draf (werksdraf). Vertoners mag gevra word om ‘n individuele vertoning te gee. Die spanne nie met die vertoning besig nie, parkeer uit die pad uit.

41. Verbysteek

Onder beoordeling op enige gang mag ‘n deelnemer aan die binnekant of die buitekant by ‘n ander verbygaan. Die een wat verbysteek of verby gesteek word, sal gepennaliseer word indien daar doelbewuste opstruksie van sy kant plaasvind.

42. Prosedure in enkeltuigklasse

Vertoners kom op saamgevatte draf die arena antiklokgewys (dws draai na regs op die baan op) binne. Beoordeling geskied op stap, saamgevatte draf en vertoondraf in beide rigtings. Vertoners word nie beoordeel op die omdraai nie.

43. Prosedure vir die uithangklas

Vertoners kom die arena op ‘n stap binne. Op ‘n wenk van die beoordelaar vra die baanbeampte vertoners om te draf en dan “to drive on” op ‘n vertoondraf. Deelnemers word dan aangesê om weer te draf (saamgevatte draf) en oor die veld van rigting te verander. Dieselfde prosedure word na die ander kant herhaal. Daarna word vertoners in volgorde deur die beoordelaar in ‘n ry geplaas. Die beoordelaar bekyk dan elke inskrywing individueel ten opsigte van voorkoms en veiligheid. Elke vertoner kry geleentheid vir ‘n individuele vertoning voordat die plasings gefinaliseer word. In ope klasse mag ‘n terugstap (tru) vereis word.

44. Prosedure vir alle ander klasse

Vertoners kom op ‘n saamgevatte draf die arena binne en reageer op die beoordelaar se opdragte.

45. Beoordelingsopdragte

Indien die beamptes en toerusting in plek is, gee die beoordelaar die opdragte aan die arenabeampte wat dit aan die aankondiger oordra en die aankondiger dit dmv die luidsprekers aan die deelnemers deurgee. Die normale tekens vir die opdragte is:

Stap	-	een vinger in die lug;
saamgevatte draf	-	twee vingers;
vertoondraf	-	uitgestrekte hand voor die lyf geswaai;
aantree	-	beide hande in sirkelbeweging na die lyf toe;
herrit	-	gebalde vuis in die lug.

46. Goedgekeurde stange

Die onderstaande lys is stange wat in enige klas gebruik mag word tensy die reëls dit anders spesifiseer, soos bv dat leiriemponie, kind se eerste ponie en beginnerponie net ‘n knakstang/trens (snaffle) of pelham mag gebruik. Stange mag nie te smal of te skerp wees nie. ‘n Stang wat die ponie kneus of laat bloei is nie toelaatbaar nie.

Die Engelse benaming vir die stange is behou.

Ball cheek snaffle with plain jointed mouth piece Bridoon & curb

Bridoon & ported curb	Curb bit
D-ring snaffle jointed	Eggbutt Bridoon and fixed cheek curb
Eggbutt Pelham	Eggbutt snaffles
Fixed cheek pelham	Full spoon snaffle
Globe pelham	Half moon eggbutt snaffle
Half moon eggbutt snaffle – vulcanic	Half moon loose ring snaffle
Half moon pelham	Half moon stallion bit
Half spoon snaffle	Jointed eggbutt snaffle
Joited Kimblewick	Jointed pelham

Kimblewick
Loose snaffle with cheek pieces
Ported pelham
Reversed cheek pelham
Ring snaffle with double jointed mouth piece
Straight bar loose ring pelham
Vulcanite pelham
Loose ring vulcanic or rubber snaffle
Military pelham
Portuguese snaffle
Ring snaffle with jointed mouth piece
Stallion bit with port
Straight mouth pelham

Stange net vir handklasse goedgekeur:
Colt anti-rearing bit
Colt in-hand bit
Tattersall ring bit
Tattersall bit with keys

Stange net vir dryfklasse goedgekeur:
Liverpool bit

WENKE VIR TUIGKLASSE

1. Natuurlike aksie

Die Walliese ras het ‘n unieke aksie wat ten alle koste bewaar moet word. Hierdie aksie is vinnig, vry en uit die skouer, reguit en goed vorentoe sodat dit hoog trap. Die hakke buig sodat dit ‘n reguit en kragtige hefboom onder die lyf is.

2. **Kleur**

Die Walliese ponies het ‘n verskeienheid van kleure. Eenderse kleure vir trekpare of trekspanne is die laaste oorweging; hoogstens ‘n aanbeveling; en nooit ‘n vereiste nie.

3. Algemene indruk

Die buitengewone goeie temperament van die Walliese ponie is een van die twee belangrikste eienskappe van die ras. In beweging moet die ponie die indruk skep dat hy gelukkig is en dit geniet. Die houding is trots en statig.

4. **Enkeltuig**

4.1 Die algemene prentjie is belangrik.

4.2 Styl, houding (set), aksie en balans moet dwarsdeur die klas behou word terwyl die ponie in beweging is.

4.3 Die kop word trots en vrolik gedra, sonder om in die lug te kyk of te veel af te buig. Die bek is toe en skep nie die indruk dat die ponie ontevrede met die stang is nie. Die ponie in die tuig moet altyd gemaklik wees met die stang (up on the bit) en die indruk skep van bewuste gehoorsaamheid.

4.4 Aksie is vloeiend en ritmies. Kort, kaptreë word ontmoedig.

4.5 Die ponie moet nie deurslaan in ‘n galop nie. Indien dit wel deurslaan, moet dit gemaklik sonder probleme weer terugkom op die draf. Teen ‘n ponie wat dikwels deurslaan word gediskrimineer.

4.6 Op die draf moet al vier bene in gelyke ritme beweeg. Die agterbene moet nie agterbly of galop terwyl die voorbene draf nie.

4.7 Die ponie moet maklik hanteerbaar wees. Op die stap moet hy na enige kant toe kan omdraai om sy gehoorsaamheid te demonstreer.
4.8 Die beoordelaar moet diskrimineer teen oordrywing (te vinnig) op die vertoondraf. Ponies kan nie styl en balans handhaaf indien hulle te vinnig beweeg nie.

5. **Tandem**
5.1 Dieselfde wenke geld vir die tandem as wat hierbo (4) vir die enkeltuig gelys is.
5.2 Voldoende beheer oor die voorperd sodat die agterperd nie heelpad rem nie, is ‘n vereiste.
5.3 Indien een ponie groter is, is dit die agterperd.
5.4 Die afstand tussen die twee ponies en die agterponie en die voertuig moet in balans wees sodat die geheel ‘n eenheid vorm. Op ‘n reguit stuk vorm die drie dele ‘n reguit lyn.

6. **Dubbeltuig**
6.1 Hoogteverskil tussen die paar tot by 4cm is nie ‘n probleem as die paar se beweging by mekaar pas nie.
6.2 Kleur kan hoogstens ‘n aanbeveling wees en nooit ‘n vereiste nie.
6.3 Die ponies moet by mekaar pas ten opsigte van tipe aksie, beweging, persoonlikheid en teenwoordigheid.
6.4 Walliese beweging kry voorkeur bo ‘n Hackney soort van beweging.
6.5 Styl, aksie en houding moet gedurende die klas gehandhaaf word. Koppe moet trots gedra word, gemaklik met die stange sonder om die neuse opwaarts of te skerp af te draai.

7. Vierspan
7.1 Die aanbevelings by die tandem en die dubbeltuig geld hier sover dit toepaslik is.
7.2 Die bedoeling van ‘n vierspan is om oor ‘n lang afstand ‘n vrag te swaar vir ‘n dubbeltuig te vervoer. Daarom moet die werkslas eweredig tussen die vier ponies versprei word. Daar dit onprakties is om van deelnemers die ideale voertuig vir die vierspan te verwag, moet diskresie gebruik word vir die mate waarin die agterperde in die broek rem. Dit moet nie vir hulle ongemaklik word nie.
7.3 Agterperde moet hulle onderskeie voorperde reguit volg en nie na binne (teen die disselboom) of na buite (teen die tuig) beur nie.
7.4 Indien daar grote verskille is, behoort die groter ponies agter te trek.

8. Agtspan
8.1 Die spasies tussen die vier pare moet eweredig wees. Pare moet nie teen die nekke van die par agter hulle trek nie. Indien reg ingespan behoort die nekbande van die middelste twee pare omtrent vertikaal te wees. Voorperde en agterperde het nie halters aan nie.
8.2 Die agterperde is die swaarste in die span en die voorperde die kleinste.
8.3 Al agt ponies moet as span saamwerk en paar vir paar gemaklik met die stang wees en dieselfde gewig trek.
8.4 Die vier ponies aan ‘n kant loop in ‘n lyn sonder dat een na binne of buite beur.
8.5 Al vier pare help om te draai anders is al die ponies nie gemaklik (up on the bit) met die stang nie.

WENKE AAN BEOORDELAARS EN PROSEDURE BY RYKLASSE

9. Leiriemklas

Die klas word beoordeel op die geheel van die prentjie wat die ponie, ruiter en leier maak.

9.1 Die ponie

9.1.1 Tipe en beweging

Hoewel tipe altyd in ‘n suiwergeteelde klas in aanmerking kom, is die beweging van die ponie in hierdie klas nie dieselfde as wat ‘n mens van ‘n handklas of ‘n enkeltuigklas verwag nie. Die ponie behoort met ‘n vry voorwaartse aksie, wat nie met te lang treë die ruiter uit die saal lig of met kort kaptreë die ruiter laat bons nie, beweeg. ‘n Leiriemponie behoort langs die leier te loop sonder om vooruit of agterna te rem. Dit is belangrik dat die ponie halt en staan wanneer dit vereis word.

9.1.2 Verskyning

Die ponie verskyn in die arena netjies in ‘n gewone leer trenstoom met die leiriem aan die onderkant van die neusband en nie aan die trens nie. Die leiriem is verkieslik van leer of ‘n donker seilband. Die beoordelaar mag deur middel van die arenabeampte die leiriem reg laat vasmaak.

Skaapvel saals, opgestopte poniesitplekke en saals met ‘n vashouplek is toelaatbaar en verkieslik bo ‘n leer saal wat vir beide ponie en ruiter te groot is.

Suiwergeteelde ponies vertoon ongevleg en onversierd. In gemengde klasse word nie teen deelsgeteelde ponies gediskrimineer omdat hulle geskeer is nie.

9.2 Die ruiter

9.2.1 Bekwaamheid

Die ruiter moet ‘n mate van beheer oor die ponie toon deur die ponie te laat vorentoe, na beide kante te draai en te halt. Die vermoë van die ruiter om saalboom te steek, is ‘n aanbeveling, maar nie die enigste oorweging by plasing nie.

9.2.2 Voorkoms

Hoewel die ideaal is dat die ruiter korrek geklee is, is daar praktiese probleme tov kleredrag by kleintjies. Op voorwaarde dat die helmet en toe skoene met hakke standaard is, is skoolklere (baadjies en skoene) toelaatbaar. ‘n Onderbaadjie in plaas van ‘n baadjie is aanvaarbaar.

9.3 Die leier

9.3.1 Bekwaamheid

Die leier moet nie die indruk skep dat hy/sy die ponie teëhou of saamsleep nie. Die indruk wat die leier moet skep is dié van ‘n noodrem. Die leier moet instaat wees om die ponie in ‘n noodsituasie te beheer en die ruiter uit die saal te haal wanneer nodig.

9.3.2 Voorkoms

Die leier moet netjies, prakties en onopvallend geklee wees. Rydrag is nie ideaal nie, maar toelaatbaar. Enige drag wat die leier se beweeglikheid inhibeer (bv rystewels of hoëhak skoene) of die aandag op die leier vestig (bv uitlokkende drag) is nie geskik vir die klas nie.

9.4 Beoordeling

9.4.1 Leiriemklas

Vertoners ry om die beoordelaar met die leier aan die buitekant van die kring. Die beoordelaar mag die klas versoek om te halt en dan individueel te draf tot weer agter in die kring. Daarna tree die vertoners aan in ‘n ry soos wat die beoordelaar versoek. Dan lewer die vertoners ‘n individele toets waarin ‘n stap, draf en halt gedoen word. Die ruiters klim nie tydens die beoordeling af van die ponie nie.

9.4.2 Leiriem werksponieklas

Hierdie klas word op vertoning alleen beoordeel. Toetse word op stap en draf uitgevoer. ‘n Maksimum van vyf toetse word gevra en kan die volgende insluit:

- Lei op ‘n draf oor dwars pale.
- Lei op ‘n draf deur regop pale (bending poles).
- Halt langs bv ‘n drom en tel iets (bv ‘n teddiebeer) vanaf die drom op.
- Ruiter klim af en op vanaf ‘n strooibaal.
- Ruiter klim af en lei ponie ‘n kort afstand.
- Leier loop langs ‘n ry bale (aan die buitekant) terwyl die ruiter en ponie deur die gang (van bale) gaan.

Van deelnemers in leiriemklasse word nie verwag om oor hindernisse te spring nie.

9.4.3 Dit is goed om in leiriemklasse net twee of drie plasings te doen en aan die res ‘n gelykwaardige “hoog aanbeveel” toe te ken. Elke vertoner moet ‘n roset ontvang.

10. Eerste ponie klas

10.1 **Die ponie**

10.1.1 Tipe en beweging

Dieselfde aanbevelings as by die leiriemponie is hier van toepassing. Die ponie moet nie te sterk vir die ruiter wees nie, maar ook nie sukkel om te beweeg nie.

10.1.2 Voorkoms

Dieselfde as by die leiriemklasse.

10.1.3 Toerusting

‘n Trens of ‘n pelham, maar dubbeltooms is ontoelaatbaar.

10.2 **Beoordeling**

10.2.1 Eerste ponie klas

Vertoners stap en dan op bevel draf hulle die een agter die ander in ‘n groot kring om die beoordelaar. Een vertoner word gevra om van rigting te verander en doen dit diagonaal deur die kring en draf dieselfde kring in die teenoorgestelde rigting. Die ander vertoners volg in gelid. Daarna kom die opdrag om te stap en op voorskrif van die beoordelaar in gelid aan te tree. Elke deelnemer gee op sy beurt ‘n individuele vertoning op stap en draf. Na afloop van al die toetse stap die deelnemers in ‘n groot kring om die beoordelaar vanwaar hulle uitgeroep word vir plasing.

Indien daar genoeg inskrywings is, kan die klas verdeel word in ‘n beginners en ervare klas. Laasgenoemde mag tydens die individuele toetse galop. Normaalweg is die klas ‘n beginnersklas.

10.2.2 Eerste werksponie

‘n Maksimum van vyf eenvoudige toetse op ‘n stap en draf word gestel – soortgelyk aan die toetse by die leiriem werksponie klas. ‘n Hindernis (maks. 50cm) mag ingesluit wees.

Indien die klas as ‘n gevorderde klas beskryf is, kan ‘n maksimum van twee van die toetse galop insluit. Ruiters word nie gevra om te tru nie. Items wat raas wanneer dit gedra word, moet vermy word.

10.2.3 Al die vertoners in eerste ponie klasse moet rosette kry.

11. Suiwergeteelde ponies onder die saal

11.1 Tipe

In alle suiwergeteelde ponieklasse, behalwe werksponie en plaasponie, moet rastipe in berekening gebring word en moet beoordelaars bewus wees van die verskil in beweging tussen die verskillende seksies.

11.2 Toerusting

In beginnersponie klasse mag net met ‘n trens of pelham gery word. In suiwergeteelde ponie ope klasse kan enige stang in die goedgekeurde lys gebruik word.

11.3 Beoordelingsprosedure

11.3.1 Suiwer geteelde ponie onder die saal

Ponies kom in enkelgelid op ‘n stap die arena binne en stap in ‘n antiklokgewyse kring om die beoordelaar. Op bevel draf en dan galop hulle. Een vertoner word aangesê om diagonaal oor die kring van rigting te verander en met die galop voort te gaan. Die ander volg in gelid. Nadat vertoners in beide rigtings galop het, word hulle gevra om te draf, dan te stap en dan in gelid aan te tree in die volgorde deur die beoordelaar bepaal. Daarna kry elke deelnemer geleentheid vir ‘n individuele vertoning. In beginnerponie klasse vind die beoordeling net op stap, draf, galop en halt plaas. In ope klasse kan vertoners gevra word om vinniger te draf en galop en te tru (extend the trot, lengthen the canter and rein-back). Na afhandeling van die individuele toetse stap vertoners in ‘n groot kring totdat die beoordelaar hulle uitroep vir plasing. Pryswenners tree van links na regs aan en front na die beoordelaar toe.

11.3.2 Suiwer geteelde jagponie

Dieselfde prosedure word gevolg as by die ponie onder saal met die verskil dat die klem in die indivduele toets hier val op die vinnige galop. (In Engels gaan dit hier oor ‘n “gallop” teenoor die “canter” by die ponie onder saal). Ponies behoort nie gelyktydig vinnig te galop nie. Die beweging geskik vir die jagveld en ‘n jagponie tipe moet in hierdie klas in berekening geneem word.

11.3.3 Suiwer geteelde driegang ponie

Ponies kom die baan binne op ‘n draf, die een na die ander en ry antiklokgewys om die baan. Op bevel draf, stap, galop, stap en draai hulle om en herhaal die hele oefening in die ander rigting. Daarna tree hulle in gelid aan. Die beoordelaar inspekteer die linie en gee sy plasings aan die baanbeampte. Die uitslag word oor die luidsprekers aangekondig en vertoners draf na vore om hulle rosette te ontvang. Hierdie klas word beoordeel op aksie, houding (presence), afrigting, gedrag en voorkoms – in daardie volgorde. Gange word saamgevat uitgevoer. Die stap is spoggerig, beslis en skep die indruk van vrolike gemaklikheid sonder rondtrappery en ontevredenheid. Die draf is die gang waarop die aandag val en moet suiwer en saamgevat wees. Oormatige spoed is onwenslik. Die galop moet stadig, ritmies en op die regte voet wees.

12. Deelsgeteelde ponie onder die saal

12.1 Tipe

Die rasstandaarde kom nie ter sprake nie. Die ponie/perd moet geskik wees vir die tipe klas waarvoor dit ingeskryf is.

12.2 **Toerusting**

Behalwe vir die beginnersponie klasse waar net ‘n trens of pelham stang toegelaat word, kan in die ope klasse enige stang in die goedgekeurde lys gebruik word (vgl Reël 46).

12.3 **Skouprosedure**

Die skouponie en die deelsgeteelde ponie onder die saal volg dieselfde prosedure as by die suiwer geteelde ponie onder die saal. Die jagponie en driegang ponie het dieselfde prosedure as die ooreenstemmende klasse vir die suiwer geteelde ponies.

13. Die suiwer en deelsgeteelde werksponie.

13.1 Beoordeling

13.1.1 Werksponie klasse word slegs beoordeel aan die hand van die toetse. Indien “algemene indruk” enigsins in aanmerking kom, is dit net vir die gemak waarmee die toetse afgehandel is. Geen punte word toegeken vir konformasie, voorkoms en/of rastipe nie.

13.1.2 Vyf of ses toetse is voldoende en behoort prakties van aard en geskik vir die gemiddelde ouderdom van die klas te wees.

13.1.3 Toetse moet die gehoorsaamheid en afgerigtheid van die ponie demonstreer, wys dat hy kan spring, die gange versnel en ‘n goeie temperament het, asook kan stilstaan as dit van hom verwag word.

14. Suiwer en deelsgeteelde plaasponie

14.1 Voorkoms van die ponie

14.1.1 Skoon, netjies en ongevlegde maanhare.

14.1.2 Sterk en skoon toom oor ‘n halter met ‘n halterriem.

14.1.3 Saal met gepaste kleedjie en stiebeuels.

14.2 Voorkoms van die ruiter

14.2.1 ‘n Harde hoed en toe skoene met hakke is verpligtend.

14.2.2 Geskikte en netjiese plaasklere, soos bv denim, oopnek- of t-hemp.

14.3 Beoordeling

14.3.1 Vyf of ses toetse wat almal dieselfde tel, bv uit tien en dan uit tien vir die voorkoms. Die somtotaal bepaal die uitslag.

14.3.2 Die toetse moet ‘n plaassituasie namaak en kan bv die volgende insluit:

- Oop en toemaak van ‘n hek.
- Deur ‘n laning van struike of bale beweeg. Deur skape te gebruik, kan die toets verlewendig word.
- Afklim, teuels laat hang sodat ponie stilsaan terwyl die ruiter iets gaan haal.
- Tel ‘n sak strooi op die ponie en laai dit op ‘n bepaalde punt af.
- Galop vinnig om ‘n deel van die arena, stap en halt.
- Spring oor ‘n effense hindernis soos bv ‘n strooibaal.
- Klap ‘n skaapsweep terwyl die ponie draf of galop. (Nie geskik vir klein kindertjies nie).

14.3.3 Dit is belangrik dat hierdie toetse so beplan word dat dit interessant is vir deelnemers en toeskouers. Dit is net so belangrik dat hulle veilig is, veral met die ouderdom van deelnemers ingedagte.

15. Suiwer en deelsgeteelde werkende jagponie

15.1 Beoordeling

Nadat die ruiters (sonder die ponies) die roete gestap het, kom vertoners die baan individueel binne om ‘n baan van ses tot agt spronge in jagstyl uit te voer. Dit word afgesluit met ‘n jaggalop om die arena. Die vertoners wat nie hiermee uitgeskakel word nie, gaan die arena gelyk binne om beoordeel te word op grond van konformasie, jagtipe en in suiwer geteelde ponieklasse ook vir Walliese raseienskappe.

15.2 Punte

Punte word toegeken in ooreenstemming met die telkaart. Punte word afgetrek van ‘n totaal van 50 vir hindernisse afgespring of geweier. Punte uit tien word toegeken vir elk van jagtipe beweging, styl & gedrag, en jaggalop. ‘n Verdere punt uit tien word toegeken vir tipe en konformasie.

15.3 Aanbevole hoogte vir hindernisse

- Eerste werkende jagponie 50cm
- Suiwergeteelde welpjagter 55cm
- Suiwergeteelde jakkalsjagter en deelsgeteelde welpjagteer 65cm
- Deelsgeteelde jakkalsjagter 75cm